
As gevolg van die goudkoors is gedurende 1888 'n spesiale posroete vanaf Vredefort oor die goudvelde na Potchefstroom ingestel. Die kaart van 1899 (*Kaart 15*) toon nie net die eerste plase in die Venterskroon- en Vredefort-area, wat al langs die rivier teen die ring van die Koepel geleë was, aan nie, maar ook die vroeë posroete van die "mail runner", met 'n dubbele stippellyn. Verder dui koevertjies die posagentskappe op Venterskroon, Nooitgedacht (Schoemansdrift) en Rietpoort aan die Transvaalkant, en Vredefort in die Oranje-Vrystaat aan. Een van die posroetes deur die Koepel, het vanaf Potchefstroom oor Venterskroon, Schoemansdrift (op die plaas Nooitgedacht) en die posagentskap te Reitzburg (O.V.S.) na Vredefort en suidwaarts na Kroonstad geloop.[310]




Kaart 15: Venterskroon, die posroete en omliggende plase (1899)[311]

---

310 VAB, GS, 1683 [R547/97] "Postmeester generaal RE bedanking RJP Nieuwenhuis en aanbeveling JC Vosloo als postagent te Reitzburg" 1897; O. de Jager, *Vredefort Dome, Moments in the history of the Transvaal section of the Vredefort Dome from a philatelic perspective*, p. 4.

311 O. de Jager, *Vredefort Dome, Moments in the history of the Transvaal section of the Vredefort Dome from a philatelic perspective*, p. 4; Let op die oorspronklike ligging van

Later is gereelde poskoetse in diens geneem. Die telegraafkantoor is in 1891, met die aanstelling van M. Hogan as telegrafis, geopen.[312] Hierdie kantoor was slegs 'n vertrek binne-in die bestaande winkel. In 1904 is hierdie telegraafkantoor gesluit en in die plek daarvan is 'n openbare telefoon in die bestaande winkel van die Joodse winkelier, ene mnr. Robinson, geïnstalleer.[313] Veranderinge het plaasgevind, soos die mynkommissaris se kantoor wat in 1903 as 'n private woning verhuur is.[314] Die "Old Imperial Inn"-hotel, vroeër bekend as 'n "hotel langs den weg", het twee stoepkamers by die ingang gehad. Die linkerkantse kamer was die drankwinkel of kantien ('n begrip wat ten tyde van die mynbou-rewolusie beslag gekry het) met 'n ondergrondse kelder, en aan die regterkant was daar 'n kamer waar prostitute hulle kliënte vermaak het.[315]

Dit blyk dat daar gedurende die beginjare van die dorp 'n toename in grondeienaars en inwoners was. Die meeste gouddelwers op Venterskroon was maar armoedig en het gevolglik nie grond besit nie. Daarby het die eerste goudmynmaatskappye soos "The Vaal River Gold Fields Ltd." hul mynpagte bewerk lank voordat die maatskappy geregistreer is.[316] Hierdie maatskappy is eers in 1914 onder die handelsmerk VRG geregistreer.[317] Die goudmyn-aktiwiteite, handel en spekulasie was soms suksesvol en soms nie. Dit blyk verder ook dat die gebrekkige kommunikasieweë en -middele in hierdie omgewing moontlik deel was van die onsuksesvolle bedrywighede. Daar was glo ook 'n groot probleem met stof gewees.

Ons kan aanneem dat die oprigting van permanente geboue en die gepaardgaande ontwikkeling van die dorp direk toegeskryf kan word aan die teenwoordigheid van kapitaliste, soos onder andere Iver Hjul (Duits), wat 50

---

Schurwedraai en Aasvogelrand, aangesien die posisie van Aasvogelrand ná verskeie onderverdelings en konsolidasies na die weste van Schurwedraai verskuif het.

312 TAB, SS, 2694 [R1332/91] "Hooft telegraafdepartement, RE: aanstelling tot telegrafist Venterskroon" 1891.02.03; TAB, SS, 2715 [R1988A/91] "Hooft telegraafdepartement: Geeft kennis opening telegraafkantoor, Venterskroon" 1891.02.17.

313 TAB, LD, 569 [AG190/04] "Venterskroon public telephone" letters dated 1904.07.06, 1904.07.0 7 & 1904.07.13.

314 TAB, CS, 322 [6179/03] "Lease in duplicate of the dwelling house known as 'mining commissioner's house' at Venterskroon" 1903.06.17.

315 GPA, MO2, C. Meyer (57), Koppieskraal 2011.02.24.

316 TAB, MCK, 1/37 [MC622/09] "Re Registration of Vaal River Goldfields Ltd." letters dated 1909.08.06 & 1909.08.12.

317 TAB, MCK, 1/71 [MCC264/14] "Vaal River Gold Fields Co. Ltd." 1914.05.02.

mynkleims op Rooderand no. 26 asook eiendomme in Kimberley, die Oranje-Vrystaat, Potchefstroom ('n meul langs die Mooirivier)[318] en mynpagte op die plaas Buffelskloof 24 saam met J.M.A. van Blommenstein besit het,[319] asook Lönngren, 'n seun van 'n lid van die Sweedse Kalmar-ekspedisie na Potchefstroom (1864) en mede-eienaar van Buffelskloof no. 24.[320] Ná laasgenoemde se dood wou Hjul die mynpagte op Buffelskloof in Maart 1906 op sy eie naam hernu, maar aangesien hy nie die eienaar of huurder van die plaas en mineraleregte was nie, was sy poging onsuksesvol.[321]

Ná die Anglo-Boereoorlog is daar 127 kleims op Venterskroon (myndistrik Klerksdorp), deur die landmeter-generaal toegeken.[322] Dit het die tweede tydperk van delwery in die onderhawige gebied ingelei. Hierdie goudvelde was egter nie op die hoofrif geleë nie, en die goud was uiteindelik te diep om ekonomies te ontgin. Gevolglik het myne begin sluit. Teen 1937 het selfs die "The Great Western Mine" op die Vaalrivier naby Schoemansdrift toegemaak.[323] Venterskroon se bestaan was egter nie net gekoppel aan mynbou-aktiwiteite nie, aangesien sommige grondeienaars ook veeboere en landbouers was. In 1907 is daar as gevolg van 'n petisie staatsgrond in hoewes van 5 morg elk opgesny om vir landboudoeleindes te bewerk.[324] Hierdie hoewes is met suip-gange uitgemeet, sodat die inwoners toegang tot die Vaalrivier vir hulle vee gehad het.[325] Die Vaalrivier was tot die beskikking van almal, ook vir die suip van die diere. Voorts was die regeringsgrond op Rooderand as gemeenskaplike weiding vir almal se beeste beskikbaar, waar die vee tot in die berge kon wei.[326] Sommige veeboere,

318 NWU, Fleischack-versameling [2584,] "Oorspronklike aktes gedurende die eerste Republikeinse periode, Buffelskloof no. 24, Vaalrivier" 1906.03.27, [2794] "Law Department, Transvaal"1903.10.08, [2802] "Prospecting Claim Licences, Rooderand no. 26" 1903.

319 TAB, MCK, 1/35 [MCC 173/09] "Bufffelskloof 24" 1909.02.06.

320 TAB, MCK, 1/35 [MCC 173/09] "Bufffelskloof 24" letter to Fleischack dated 1909.02.08.

321 TAB, LD, 1230 [866/06] "Renewal mynpacht on Buffelskloof No. 24" 1906.03.02.

322 O. de Jager, *Vredefort Dome, Moments in the history of the Transvaal section of the Vredefort Dome from a philatelic perspective,* p. 24.

323 G. Jenkins, *A century of history, the story of Potchefstroom,* p. 119.

324 TAB, LA, 26 [PET449/07] "Petitie: Venterskroon groot gronden" 1907.

325 GPA, MO2, J.H. Naudé (86), Potchefstroom 2011.05.07.

326 GPA, MO2, J.J. Landman (75), Koedoeslaagte 2011.03.02.

soos J.J. Kruger, het selfs navraag gedoen om 'n stuk staatsgrond op Venterskroon te mag betrek.[327]

Die herkoms van die grondeienaars wat ná Bloedrivier (16 Desember 1838) in die Koepel-omgewing gevestig het, was hoofsaaklik mense van Europese herkoms, wat tesame met hulle bediendes vanuit Natal getrek het. 'n Mens kan aanneem dat daar gedurende die goudstormloop kulturele interaksie tussen nedersetters en uitlanders sou plaasgevind het, en dat kultuurbesit gedurende die mynbou-era in die Venterskroonomgewing uitgebrei is deur doelbewuste kommunikasie met 'n verskeidenheid van "vreemdelinge". Dit is duidelik dat hier op Venterskroon kontak gemaak is met nuwe elemente en gebruike van ander gemeenskappe. Daar kon selfs in 'n mate kultuuroorname, veral op sosiale gebied, soos kuiery in 'n kroeg (kantien) sonder jou eggenote, kaartspel, drankgebruik en dronkenskap, danspartytjies, prostitusie en diefstal plaasgevind het.[328] Dit is te verstane dat daar 'n groter kultuurverskeidenheid en dienooreenkomstig minder kulturele eenvormigheid sou wees in 'n gebied, soos Venterskroon, waar mense van verskillende herkoms saam gebly het.

Venterskroon het egter nooit betekenisvolle groei ervaar nie. 'n Mens kan dit grotendeels toeskryf aan die topografie van die area. Daar is net 'n beperkte stukkie grond tussen die bergreeks en die Vaalrivier, waar daar in die verlede met moeite enige iets op 'n ekonomiese grondslag bedryf kon word. Dit is hier van belang om daarop te let dat die berge aan die noordwestelike kant, soos die Vaalrivier (suid), kommunikasie met die nabygeleë dorpe in 'n groot mate beperk het. Soos reeds genoem, was die Vaalrivier se watervlak, in ooreenstemming met die seisoen en reënval, wisselvallig gewees. Daar was gewoonlik tydens die reënseisoen herhaalde vloede en gedurende die winterseisoen weer min water, hoofsaaklik in poele en seekoeigate. Verder was daar geen brûe nie, net driwwe, wat enige vorm van vervoer riskant gemaak het. Sommige van die geboue wat in die hoofstraat behoue gebly het, is die polisiestasie, die mynkommissaris se kantoor, die tronk, die hotel met 'n anneks, die winkel-en-poskantoor, die skoolgebou van sink (moontlik die oorspronklike mynkommissaris se kantoor waarna hierbo verwys word), en die skoolmeester se huis. Die meeste van die

327 TAB, SS, 2591 [R15391/90] "J.J. Kruger vraagt toekenning stuk grond te Venterskroon" 1890.10.31.

328 GPA, MO2, C. Meyer (57), Koppieskraal 2011.02.24.

oorspronklike geboue bestaan nie meer nie, en van 'n eens besige myndorpie het daar maar min oorgebly.[329]

***Schoemansrust***

Prospektering op Nooitgedacht 667 (op die noordelike oewer van die Vaalrivier) was reeds in Augustus 1886 aan die gang, lank voor die aanvang van die delwerye op Venterskroon.[330] Op hierdie plaas wat ook as Schoemansrust bekend was, was daar 'n posagentskap en 'n belastinggaarder vir die staat bedrywig.[331] Delwery op hierdie plaas het ná die Anglo-Boereoorlog voortgegaan, en op 2 Maart 1905 is 'n verdere 60 kleims, wat aan Van Vuuren en andere behoort het, verkoop.[332] Verder is daar ook teen 1908 magtiging verkry vir die oprigting op Nooitgedacht van 'n woonhuis vir die mynbestuurder en personeel, 'n kantoor, winkel, stalle, smidswinkel, masjien-en-batteryhuis, sianied-aanleg, 'n wateropgaartenk (volgens wetlike voorskrifte) en 'n afvalkliphoop verkry.[333] Verskeie dokumente verwys na hierdie gehuggie as Schoemansrust naby Venterskroon.[334]

## Vestiging suid van die Vaalrivier

Voordat die eerste stelsel van grondbesit in die Vrystaat bespreek kan word, is dit noodsaaklik dat die breë historiese verloop van die Vrystaat-republiek uiteengesit word. Na die ondertekening van die Bloemfonteinse konvensie op 23 Februarie 1854[335] is J.P. Hoffman as eerste president van die Vrystaat verkies. Tydens die bewind van die tweede president, J.N. Boshof (1858), was die Basotho's op die Oos-Vrystaatse grens 'n probleem, en 'n botsing, wat later die eerste Basotho-oorlog genoem is, was onvermydelik. Hierna is M.W. Pretorius in 1860 as

---

329 GPA, MO2, E.J. de Agrela (64), Venterskroon 2011.05.25.

330 O. de Jager, *Vredefort Dome, Moments in the history of the Transvaal section of the Vredefort Dome from a philatelic perspective*, p. 4.

331 TAB, SS, 2715 [R1971/91] "Inspekteur general: Belastinggaarder Schoemansrust naby Venterskroon vraagt vermeerdering van salaris" 1891.02.17.

332 TAB, CT, 62 [922/05] "Sale of stands 186 & 187 in famous Town disposal of proceeds" 1905.03.02.

333 TAB, MCK, 1/33 [DRC 556/08] "Surface rights, application for erection of buildings at Nooitgedacht no. 667" 1908.12.29.

334 TAB, SS, 2543 [R13428/90] "Van Aardt, Venterskroon, telegram: Wat omtrent Schoemansrust?" 1890.10.02; TAB, SS, 2715[R1971/91] "Versoek van belastinggaarder Schoeman's rust, naby Venterskroon, om vermeerdering van salaris" 1891.02.17.

335 F.A. van Jaarsveld, *100 basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961*, p. 95.

president van die Vrystaat ingehuldig, waarna hy die jarelange verskille oor eiendomsreg van die pioniers (trekkerboere, emigrant-boere en die Voortrekkers) op Griekwa-grond beëindig het. Die Britse regering het vir die Griekwas nuwe grond (die latere Griekwaland-Oos) aangebied, waarna die Vrystaat die Griekwa-grond gekoop en aan die agternatrekkers beskikbaar gestel het. Die vierde president van die Vrystaat was J.H. Brand wat in 1864 tot president verkies is. Een jaar later (in 1865) het die tweede Basotho-oorlog uitgebreek; Mosjwesjwe was verplig om vrede te sluit en heelwat van sy grondgebied aan die emigrant-boere af te staan. Hierdie sogenaamde "verowerde gebied" (die huidige oostelike deel van die Vrystaatprovinsie) het tot die derde Basotho-oorlog in 1867 aanleiding gegee. Basotholand is in 1886 tot Britse gebied verklaar, volgens die Berlynse konvensie wat vir protektoraatskappe voorsiening gemaak het. Die ontdekking van diamante (1867) het in 1871 tot die Britse anneksering van die Diamantvelde (Griekwaland-wes) gelei. In 1889 is F.W. Reitz tot staatspresident verkies. Gedurende sy bewind het hy 'n verbond met die Z.A.R. aangegaan waardeur ewigdurende vrede tussen die twee state gewaarborg is. In 1895 het M.T. Steyn hom opgevolg.

**Die eerste plase in die Vrystaat**

Die anneksasie van die Oranjerivier-Soewereiniteit (1848.02.03)[336] het die O.V.S.-gebied weer tot deel van die Britse ryk verklaar. Met die ondertekening van die konvensie by Sandrivier (1852.01.17)[337] is die onafhanklikheid van die twee Boererepublieke deur Brittanje erken. Hierná is die Boererepublieke deur Brittanje (Rhodes 1865-1899) omsluit en uitbreidingsgeleenthede gesluit.[338] Dit blyk dat die suidelike deel van die studiearea, wat later 'n gedeelte van die Noord-Vrystaat sou beslaan, teen 1836 reeds deur trekboere vanuit die Kaapkolonie as trekveld beset is.[339] Tien jaar later (1846) was daar ongeveer 2 000 emigrant-families in die gebied tussen die Vaal- en Oranjerivier, waarvan 1 500 teen die

336 F.A. van Jaarsveld, *100 basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961*, p. 86, 88.

337 J.H. Breytenbach (red.) Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1851-1853 in *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Z.A.R., 2, pp. 288-290.

338 A.J.H. van der Walt e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 354.

339 Kaart "Die veldkornetskappe op die noordgrens en die trekveld teen 1836" in P.J. van der Merwe, *Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842)*, p. 304.

Britse bewindsoorname was.[340] Daarby was grond tydens die Britse bewind 'n substituut vir geld gewees, en burgers het moontlik ook in hierdie gebied grond as vergoeding vir militêre diens ontvang, waarop hulle dan gevestig het en die grensgebiede sodoende ook beveilig het.[341] Dit is noodsaaklik om daarvan kennis te neem dat daar in 1838 nog 'n trek, dié van Michiel Oberholster, uit die Kaapkolonie gekom het, wat hulle by die Modderrivier gevestig het en verkies het om Britse onderdane te wees. Daar was gevolglik aan die begin van die veertigerjare van die 19de eeu, naas die onmin tussen Brit en Boer, ook 'n diep kloof tussen die trekkers wat onmiddellik ten noorde van die Oranjerivier gewoon het. Gevolglik het die trekboere in die suidelike Transoranje wat pro-Brits was, hulle ook van die republikeinse Voortrekkers wat in die Winburgstreek (noord) gewoon het, gedistansieer.

Daar is voorkeur aan vestiging in die omgewing van die Vaalrivier gegee. Sedert die 19de eeu is verskeie plase langs die Vaalrivier, in die studie-area, geokkupeer, soos Jan Kock se geselskap wat hulle aan beide kante van die Vaalrivier so ver as die Mooirivier gevestig het.[342] Kommandant Potgieter het ook 'n plaas in die omgewing van Potchefstroom betrek.[343] Hierdie plaas was 'n veeplaas, Hartebeestfontein 437 IQ, wat noord van die studiegebied geleë is.[344] Dit is belangrik om daarop te let dat die boerderymetodes op hierdie plase primitief was, wat groter weivelde vereis het. Daarby het die meeste kinders van die pioniers slegs die boerderybedryf geken en dienooreenkomstig ook weiveld benodig. Gevolglik het verskeie plaas-onderverdelings plaasgevind wat veroorsaak het dat menige kind weggetrek het en hulle elders in die Boererepublieke gaan vestig het. Verder blyk dit dat daar verskeie transportroetes deur die Oranje-Vrystaat was, wat dié area meer toeganklik tot markte as die Transvaal gemaak het. Gevolglik het die jonger geslag "burgers" in die Vrystaat, anders as in die Transvaal, eerder transport gery het as om op hulle pa se plaas te werk waar primitiewe omstandighede grotendeels onveranderd

---

340 G.M. Theal, *History of South Africa*, p. 415.

341 H. Lamar & L. Thompson (eds.) *The Frontier in History, North America and Southern Africa compared*, p. 29.

342 G.M. Theal, *History of South Africa*, p. 415.

343 G.M. Theal, *History of South Africa*, p. 415.

344 C. Potgieter & N.H. Theunissen (reds.), *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter*, p. 116; CSG, *Hartebeestfontein 437 IQ distrik Potchefstroom district A614/1975* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12].

gebly het.[345] Suid van die Vaalrivier gaan dit om die oewerplase (van links na regs), Welkom, Elandslaagte, De Vaal, Witklipfontein, Schurwedraai, Aasvogelrand, Witbank, Lesutoskraal, Groot Eiland en Klipspruit, asook die aangrensende plaas Rhenosterpoort (*Tabel 2*).

TABEL 2: Die datums van uitgifte of eerste beskikbare opmetings, oppervlaktes en die vroeë eienaars van oorspronklike plase suid van die Vaalrivier in die studiegebied

| Plaasnaam | IQ no. | Datum | Morg | Eienaar |
|---|---|---|---|---|
| Welkom[346] | 164 | 1877 | 4 536 | David Hercules & Hendrik Johannes Botha |
| Elandslaagte[347] | 28 | 1873 | 863 | Westelike deel (ná onderverdeling) Hendrik Johannes Botha |
| De Vaal[348] | 18 | 1869 | 866 | Johannes Christoffel Botha (onderverdeling van Elandslaagte) |
| Rhenosterpoort[349] | 108 | 1849, 1877 | 3 670 | Johannes Christoffel Botha, verkoop aan C.J. Muller |
| Witklipfontein[350] | 165 | 1872 | 2 134 | G.J. Stols verkoop eiendom, 1874 en 1876 onderverdelings |
| Nooitgedacht[351] | n.v.t. | 1848<br>1854 | onbekend | C.J. Engelbrecht, verkoop aan T.L. Botha<br>'n verdeling van Witklipfontein |
| Schurwedraai[352] | 382 | 1849<br>1879 | onbekend | 1849 eienaar Petrus Lourens Jansen van Vuuren<br>1879 eienaar P.J. Gouws oordrag na L.J. du Plessis |

345 D.M. Goodfellow, *A modern economic history of South Africa*, p. 53.

346 Aanvanklik no. 208 onder-Rhenosterrivierwyk, Kroonstad-distrik; CSG, *Welkom 164 IQ Vredefort district 81/1877* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12].

347 Aanvanklik no. 614 Harrismith-distrik, later no. 115 onder-Rhenosterrivierwyk, Kroonstad-distrik; CSG, *Elandslaagte 28 IQ Vredefort district 30/1873* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12].

348 Vroeër no. 834 onder-Rhenosterrivierwyk, Kroonstad-distrik; CSG, *De Vaal 18 IQ Vredefort district 4/1877* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12]; VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/101 C], p. 282.

349 Harrismith-distrik, later no. 504 onder-Rhenosterrivierwyk, Kroonstad-distrik; CSG, *Rhenosterpoort 108 IQ Vredefort district 7/1877* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12]; VAB, AKT Kroonstad [2/1/1/99, B], p. 5.

350 Vroeër no. 127 in die Harrismith-distrik, later no. 625 onder-Rhenosterrivierwyk, Kroonstad-distrik, in CSG, *Witklipfontein 165 IQ Vredefort district 3121/1889* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12]; VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/101 C], pp. 106, 179.

351 Nooitgedacht no. 298, Vaalrivier- (later Harrismith-) distrik, hierna no. 298 onder-Rhenosterrivierwyk, Kroonstad-distrik; CSG, *Nooitgedacht 89 IQ Vredefort district TA4091/69* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12]; VAB, AKT Harrismith [A] p. 317.

352 No. 118 Harrismith, later no. 576 onder-Rhenosterrivierwyk, Kroonstad-distrik; CSG, *Schurwedraai 382 IQ Vredefort district 714/D/1908* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12]; VAB, AKT Harrismith [A] p. 234.

| Plaasnaam | IQ no. | Datum | Morg | Eienaar |
|---|---|---|---|---|
| Aasvogelrand[353] | 293 | 1848, 1853 | onbekend | Gabriel Mattheus Wolmarans, verkoop aan B.G. Venter |
| Witbank[354] | 166 | 1849 1867 | 2 835 | Nicolas Marthinus Jansen van Rensburg 1867 registrasie tydens onderverdeling onder 5 Van Rensburg-seuns |
| Lesutoskraal[355] | 72 | 1858, 1869 | 2 000 | William Allison |
| Groot Eiland[356] | 35 | 1857 1860 | 3 416 | J.N. Grobbelaar uitgif 1857, registrasie 1860 A.J. van Coller, en in 1861 aan Jacobus Nicolaas Muller |
| Klipspruit[357] | 64 | 1849, 1853 | 5 639 | Conraad Marthinus Vermaak, 1853 verkoop aan J.D. van Coller |

Die plase aan die suidekant van die Vaalrivier (vanaf Welkom tot Klipspruit) vorm deel van die Harrismith-, Kroonstad-, Vredefort- en Parys-distrikte se vestigingsgeskiedenis. Sommige grondeienaars het die plase aan beide kante van die Vaalrivier besit, soos G.M. Wolmarans aan wie Rooderand (noord) en Aasvogelrand (suid) behoort het.[358] P.L. Jansen van Vuuren het ook die plase Schurwedraai en Koedoeslaagte (suid en noord) van die rivier besit.[359] Vanvurensdrift, die drif op Koedoeslaagte, is na P.L. Jansen van Vuuren, die oorspronklike eienaar vernoem en het ook as Schurwedraaidrift en later Barnardsdrift of Duplessisdrift bekend gestaan, met ander woorde die Vrystaatplaas se naam en die latere eienaars van die gegewe plaas. Ná verskeie onderverdelings, grensverskuiwings en/of konsolidasies is die oorblywende

353 No. 117 Harrismith, later no. 336 Kroonstad-distrik; CSG, *Aasvogelrand 293 IQ Vredefort district 708/D/1908* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12]; VAB, AKT Kroonstad [2/1/1/98 A], p. 383.

354 Vroeër no. 119 Harrismith, later no. 615 Vredefort-distrik; CSG, *Witbank 166 IQ Parys district 50/C/1905* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12]; VAB, AKT Kroonstad [2/1/1/99, Boek B], p. 156.

355 No. 329 Harrismith, later no. 761 Kroonstad-distrik CSG, *Lesutoskraal 72 IQ & 604 IQ Vredefort district 1270/1951, 664/1939* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12]; VAB, AKT Kroonstad [2/1/1/99, B], p. 329.

356 No. 102 Kroonstad-distrik, en no. 35 in die Vredefort-distrik; in CSG, *Groot Eiland 35 IQ, Parys district 13720/1921* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12]; VAB, AKT Kroonstad [2/1/1/98, A], p. 107.

357 Aanvanklik no. 244 onder-Vaalrivierwyk van die Vaalrivier- later Harrismith, later no. 91 Vredefort-distrik, in CSG, *Klipspruit 64 IQ Parys district 509/C/1906; 935/1959* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12]; VAB, AKT Kroonstad [2/1/1/98 A], p. 253.

358 S.J. Eloff, 'n Evaluering van die grondgebruikspatrone in die Vredefortkoepel noord van die Vaalrivier (M.A.), p. 10; CSG, *Aasvogelrand 293 IQ Vredefort district 708/D/1908* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12]; VAB, AKT Kroonstad [2/1/1/98 A], p. 383.

359 C.S.G., *Schurwedraai 382 IQ Vredefort district 714/D/1908* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12]; VAB, AKT Harrismith [A] p. 234.

gedeelte van die plaas Schurwedraai ná 1902 verder oos van hierdie drif geleë, en die oorblywende gedeeltes van Aasvogelrand en Aasvogelrand-oost oorkant Venterskroon in die omgewing van Aasvogelkop geleë.[360]

Vanaf 1839 het die Natalse Volksraad die eerste plase suid van die Vaalrivier toegeken. Hierdie plase was in die Vreeddorp, of Vaalrivier-,[361] later Harrismith-distrik geleë, soos aangetoon in Harrismith se "Algemene landregisterboek". Die eerste "land certifikaat" ten opsigte van die plaas Klipspruit is in 1849 aan Conraad Marthinus Vermaak toegeken (*Figuur 15*). Hy het op sy beurt (1853.04.01) die plaas aan Johannes Daniël van Coller verkoop, maar die eiendom is eers agt jaar later, in 1861, te "Cronstad" getransporteer en in Bloemfontein geregistreer.[362] Hierdie plaas is in 1863 deur drie Van Coller-broers en hulle swaer Davel geërf, en die grondbrief is 14 jaar later (1877), nadat die plaas opgemeet is, uitgereik. Hierdie plaas met uitsondering van een sesde, het die dorp en dorpsgebied van Parys geword (*Figuur 16*).[363] Daar is in 1848 (gedurende die Britse anneksasie) ook vir die plase Nooitgedacht 298 (C.J. Engelbrecht)[364] (*Figuur 17*) en Witbank no. 119 (Nicolas Marthinus Jansen van Rensburg),[365] asook in 1849 vir Stinkhoutboom,[366] Klipspruit,[367] Schurwedraai no. 118 (P.L. Jansen van Vuuren),[368] Aasvogelrand no 117 (G.M. Wolmarans)[369] en Rhenosterpoort (J.C. Botha),[370] elk 'n "land certificaat" uitgereik. Gelyknamige plase, soos Nooitgedacht, was aan beide kante van die Vaalrivier, wat verwarring mag skep.

---

360 CSG, *Aasvogelrand 293 IQ Vredefort district 708/D/1908* [Website: http://csg.dla.gov.za] [Accessed: 2011.10.12]; VAB, AKT Kroonstad [2/1/1/98 A], p. 383.

361 D.S. Jacobs, Abraham Fischer in sy tydperk (1850-1913) in *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 28, 1965(2).

362 VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/98 A], p. 317.

363 VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/98 A], p. 253.

364 VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/98 A],p. 317.

365 VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/99 B], p. 156.


366 VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/99 B], p. 162.

367 VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/98 A], p. 253.

368 VAB, AKT, Harrismith [A], p. 234; Kroonstad [2/1/1/101 D], p. 117.

369 VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/98 A], p. 383.

370 VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/99 B], p. 5.



253
No 244
Klip-Spruit.
Naar boek C bladz 246


Deze plaats werd by Land Certificaat op den 10den September 1849 aan Conraad Marthinus Vermaak uitgereikt en was vroeger geregistreerd op het Land-Register van Vaal Rivier later Harrismith met No 120.- Ziet op dat Land Register van dat District B. A. Bladzyde 238.

William Collins

Transport No 3477

Deze geheele Plaats werd op 1 April 1853 verkocht, op 18 July 1861 te Cronstadt getransporteerd en op 30 Octbr 1861 te Bloemfontein geregistreerd ten faveur van Johannes

Figuur 15: Klipspruit se inligting (1849, 1853)[371]



5265 Koopsom £ 525

Zie in verband met deze plaats Extract Weesboek No 53

Voor deze plaats werd uitgegeven een Grondbrief, waaraangehecht Kaart gemeten door Gouvernements Landmeter De Kok
Grondbrief luidt: Gelegen wyk: Onder Rhenoster Rivier
Groot 5639 morgen 416 quadraat roeden
Jaarlyksche Recognitie £1. 5. 14. 2
Verleend aan: Philippus Lodewyk Petrus van Coller
Adolf Johannes van Coller
Johannes Jacobus Andries van Coller
Willem Johannes Isaac Davel.
Eigenaren krachtens transport acte No 5265.
Grondbrief gedateerd 31 October 1877
(Get.) J. H. Brand president O.V.S.
Geregistreerd te Bloemfontein 1 November 1877 en aan Landdrost verzonden 1 November 1877.

Deze plaats met uitzondering van 1/16 gedeelte genaamd Dorp en Dorpsgrond Parys.-

Figuur 16: Parys is uitgelê op Klipspruit (sien nota 1877)[372]

[371] VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/98 A], p. 253.

[372] VAB, AKT, Kroonstad [2/1/1/98 A], p. 253.